**Familielede wat versorgers vir persone met intellektuele gestremdhede is, vervul onsigbare dog onmisbare lewenslange verantwoordelikheid**

**Callista Kahonde***

Loslitdag (2 September) wat jaarliks op die eerste Vrydag in September gevier word, gaan oor die ondersteuning van persone met gestremdhede. Op hierdie dag word Suid-Afrikaners gevra om by te dra tot veldtogte en inisiatiewe wat menseregte vir persone met gestremdhede ondersteun.

As iemand wat reeds die afgelope tien jaar navorsings doen oor kwessies wat die lewens van persone met intellektuele gestremdhede beïnvloed, wil ek graag in hierdie artikel nadink oor ’n onderwerp waaroor ons selde praat – die lewenslange verantwoordelikheid wat hul familie het om hulle te versorg. In my werk het ek gevind hierdie kwessie is onontbeerlik vir die meeste persone met intellektuele gestremdhede om hul regte te realiseer, in hul gemeenskappe te floreer of in sommige gevalle net om te oorleef. Wanneer ek na vanjaar se tema van Loslitdag, #EkVierSA, kyk, dink ek dit is gepas om voorbrand te doen vir die viering en erkenning van hierdie belangrike rolspelers in die lewens van persone met intellektuele gestremdhede.

Intellektuele gestremdheid affekteer onder meer ’n persoon se verstandelike vermoëns soos redenering, probleemoplossing, abstrakte denke, oordeel en akademiese leer. Die geaffekteerde persoon se aanpassingsfunksionering is aangetas, wat dit vir hulle moeilik maak om aan standaarde vir persoonlike onafhanklikheid en sosiale verantwoordelikheid in een of meer aspekte van die alledaagse lewe te voldoen. Om as iemand met intellektuele gestremdheid geklassifiseer te word, moet die agterstand in intellektuele en aanpassingsfunksionering gedurende die ontwikkelingstadium (voor die ouderdom van 18 jaar) begin.

**Ten slotte …**

**Ondersteuning aan familieversorgers**

So, hoe kan familieversorgers ondersteun word terwyl hulle persone met intellektuele gestremdhede versorg en ondersteun?

Wat ons nodig het, is ’n ‘etiek van omgee’-benadering.

Eerstens moet die samelewing die sentrale rol van die lewenslange verhouding tussen die familieversorger en die persoon met intellektuele gestremdheid en die invloed daarvan op albei se lewens erken.

Tweedens moet die samelewing erken en probeer verstaan hoe familieversorgers hul verantwoordelikhede teenoor die persoon met intellektuele gestremdheid binne hierdie lewenslange verhouding sien.

Derdens is dit belangrik om te besef dat die verhouding tussen die familieversorger en die persoon met intellektuele gestremdheid en die dinamika van die versorging wat gegee en ontvang word, van die konteks afhang.

Laastens is dit eenvoudig onvoldoende om vir ’n persoon met intellektuele gestremdheid wie se lewe van die ondersteuning van die familie afhang, net op ‘openbare regte’ soos onderrig, sosiale sekerheid, gesondheid, behuising en indiensneming te fokus. Ons moet die gaping tussen die private (hul huishoudelike ewe) en openbare lewe oorbrug. Sodoende kan die stryd en ervarings binne hul huise en hoe dit die bereiking van die openbare regte beïnvloed, duidelik word.

Wanneer daar behoorlike begrip vir die lewenslange versorgingsverhouding en die alledaagse werklikheide van persone met intellektuele gestremdheid is, sal dit makliker wees om die belangrike bydrae wat familieversorgers lewer, te erken en om aan hulle die ondersteuning wat hulle so ryklik verdien, te bied.

- Klik hier om die res van die artikel soos geplaas te lees.

***Dr Callista Kahonde is 'n postdoktorale genoot by die Sentrum vir Gestremdheids- en Rehabilitasiestudies in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch.**